**Titel:** On'godsdienstig' Doelbewus
**Spreker:** Phillip Boshoff
**Datum:** 26 September 2010
**Tyd:** 09:00

shofar

### 'n Hardwerkende gemeente

**Openbaring 2:1-7**

1 Skryf aan die engel van die gemeente in Éfese: Dít sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou,
wat wandel tussen die sewe goue kandelaars: 2 Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en
dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels
is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het; 3 en dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en ter
wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie. 4 Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde
verlaat het. 5 Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders
kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie. 6 Maar dit
het jy, dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook haat. 7 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat
die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe
wat binne in die paradys van God is.

### Twee sussies

**Lukas 10:38-42**

38 En op hulle reis het Hy in 'n sekere dorp gekom, en 'n vrou met die naam van Martha het Hom in
haar huis ontvang. 39 En sy het 'n suster gehad met die naam van Maria; dié het aan die voete van
Jesus gesit en na sy woord geluister. 40 Maar Martha was baie besig om alles klaar te maak. Sy kom
toe daar staan en sê: Here, gee U nie om dat my suster my alleen laat bedien nie? Sê dan vir haar
dat sy my moet help. 41 Maar Jesus antwoord en sê vir haar: Martha, Martha, jy is besorg en verontrus
oor baie dinge; 42 maar een ding is nodig; en Maria het die goeie deel uitgekies wat van haar nie
weggeneem sal word nie.

### Bly ingeprop

**Johannes 15:1-5**

1 Ek is die ware wynstok, en my Vader is die landbouer. 2 Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem
Hy weg; en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra. 3 Julle is alreeds
rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek het. 4 Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen
vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie.
5 Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan
julle niks doen nie.

**Matteüs 7:21-23**

21 Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat
die wil doen van my Vader wat in die hemele is. 22 Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het
ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen
nie? 23 En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die
ongeregtigheid werk!

### Doelbewustheid / getrouheid

**Spreuke 8:17**

17 Ék het lief die wat my liefhet, en die wat my soek, sal my vind.

**Spreuke 8:17 (nkjv)**

17 I love those who love me, And those who seek me diligently will find me.

**Hebreërs 11:6 (nkjv)**

6 But without faith it is impossible to please Him, for he who comes to God must believe that He is,
and that He is a rewarder of those who diligently seek Him.

### Markus 1:35

[35]En vroeg in die môre, nog diep in die nag, het Hy opgestaan en uitgegaan en na 'n eensame plek vertrek en daar gebid.

## Aanspreeklikheid

### 1 John 1:7

[7]Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.